

Dissipelskap avonture - DAAGLIKSE RITME

Sessie 8 van 10: Die insluitende ritme, wie roep God my tans om in te sluit wat uitgesluit word?



I. WORD STIL

Gebruik ’n paar minute om ten volle van God se teenwoordig bewus te word. Haal diep asem en nooi God uit om jou te ontmoet.

II. RITME GEBED

II. Lees die gebed ’n paar keer en laat dit oor jou spoel

Here, U is ons Drie-enige God - U maak die sirkel groter. Help my om in die ritme van U insluitende liefde te leef.

III. LEES EN LUISTER

Lees vandag se teks en oordenking met ’n bewusheid dat God Homself wil openbaar. Alhoewel net een teksvers beklemtoon word, is dit goed om die tekste rondom die vers ook te lees. Omdat jy in hierdie week van hierdie oordenkings in jou gemeenskap doen, wees bewus van dit wat om jou aangaan.

Dag 1: Jakobus 2:8-13

Vers 8,9 “As julle werklik die wet van die koninkryk van God onderhou soos dit in die Skrif staan: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself,” dan doen julle reg. Maar as julle die mense na die uiterlike beoordeel, doen julle sonde en veroordeel die wet van God julle as oortreders.”

Ons sluit baie keer mense uit volgens ons beoordeling van hulle uiterlike. Hierdie is egter ’n gewoonte wat ons kan afleer binne God se koninkryk. Vra die Here om jou te help.

Dag 2: Spreuke 25:21,22

“As iemand wat jou haat, honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink. Die Here sal jou daarvoor vergoed, en jy sal jou vyand vuurrooi van skaamte laat word.”

Wanneer ons dié haat wat ons haat versterk ons die kwaad. In Jesus breek ons die siklus van haat met kreatiewe liefde. Hoe kan jy in hierdie week dit doen?

Dag 3: Johannes 8:48,49

“Die Jode het toe vir Hom gesê: “Ons het mos gesê jy is ’n Samaritaan en van die duiwel besete!” Jesus het geantwoord: “Ek is nie van die duiwel besete nie, maar Ek eer my Vader, en julle doen My oneer aan.”

Jesus word beledig as ’n “Samaritaan” maar versterk sy identiteit in die Vader. Hoe kan jy in ’n groter identiteit as jou kultuur se definisies lewe?

Dag 4: Handeling 1

OEFENING VAN DIE WEEK:

In hierdie week beoefen ons daaglik die dissipline van “wandel in die wêreld”. Bid in die oggend dat die Here jou sal help om oor ’n grens in jou dag te beweeg. Kyk dan uit vir die gebeure in jou dag en in die aand voor jy gaan slaap skryf neer hoe die Here jou oor ’n grens laat beweeg het.

“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”

Toe die dissipels hierdie belofte hoor, sou hulle geskok gewees het deur die grense wat hulle moes oorsteek. Deur die krag van die Gees kan ons ook deur grense beweeg. Watter grens nooi God jou uit om oor te steek?

Dag 5: Handeling 10:24-33

Vers 28 *“en hy sê vir hulle: “Julle weet dat ’n Jood nie met iemand van ’n ander volk mag omgaan of by hom in die huis mag kom nie, maar God het vir my gewys dat ek geen mens as onheilig of onrein mag beskou nie.”*

Petrus leer by die Here dat die mensgemaakte grense gebreek word. Hy gaan aan huis by iemand wat heeltemal anders as hy is. Watter mense beskou jy steeds as onrein?

Dag 6: Galasiërs 3:26-29

Vers 28 *“Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één.”*

God maak mense divers. In die Jesus-familie is daar groot diversiteit. Hoe kan jy ook lief word vir diversiteit?

IV. DINK NA

Lees deur die volgende vrae en antwoord die 1/2 wat tans tot jou spreek. Dit mag nuttig wees om van jou gedagtes neer te skryf

Wat voel ek sê hierdie teks oor God? Wat sê hierdie teks oor my verhouding met God? Wat sê hierdie teks oor my verhouding met my naaste? Hoe kan ek oor my tyd en hulpbronne reflekteer deur die lens van hierdie teks?

V. WOORD IN AKSIE

Skryfenige praktiese idees of waarhede neer wat jy graag wil saamdra vir jou dag: Wat ervaar jy wil God vir jou sê? Maak die Heilige Gees jou bewus van iemand of om iets prakties te doen?

VI. GEBED VIR DIE DAG

Praat met God oor wat jy gedink en ervaar het in jul tyd saam. Luister ook na Sy hart en wat Hy wil sê